


## Wes-Kaapse gebiede waar grondwater voorkom



Grondwater kom in die meeste gebiede in die Wes-Kaap voor. Die beskikbaarheid, hoeveelheid en gehalte van grondwater kan deur jou boorgat-/putkontraakteur bepaal word.



Wees wys!



Red ons stad!



Red ons omgewing!



Spaar drinkwater!



Wees deel van die oplossing en installeer vandag nog 'n boorgat of put!

## Nuttige inligting



### STAD KAAPSTAD-HULPSENTRUM

Tel: 0860 103 089

Wenke en inligting oor waterbewaring, alternatiewe watergebruik, gearste en verstopte pype en oortredings van die Waterverordening

### BOORGATWATER-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Tel: 011 447 0851

Lys van boorgatkontrakteurs in jou omgewing

### DEPARTEMENT WATERWESE

Tel: 012 336 8125/8046

Inligting oor gehalte van waterdraer/grondwater

### KIRSTENBOSCH BOTANIESE TUIN

Tel: 021 799 8783

Wenke/inligting oor waterwys tuinmaak

### WATERVERORDENING

Staatskoerant 6378: 01/09/06

### ANDER PAMFLETTE IN HIERDIE REEKS:

- Inleiding tot alternatiewe waterhulpbronne (pamflet no 1 van 4)
- Hergebruik van gryswater (pamflet no 3 van 4)
- Opgaar van reënwater (pamflet no 4 van 4)

Stad Kaapstad-hulpsentrum:  
0860 103 089

SMS: 31373 (maks 160 karakters)

E-pos: [WaterTOC@capetown.gov.za](mailto:WaterTOC@capetown.gov.za)



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

## WATER EN SANITASIE



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

## BOORGATE/PUTTE



Alternatiewe waterhulpbronne

Pamflet no 2 van 4



Wees deel van die oplossing  
Ons water, ons trots

## Inleiding

Water is 'n skaars hulpbron in ons land en daar is voorspel dat die Wes-Kaap die eerste streek sal wees wat sonder water is tensy stappe gedoen word om die vraag na water doeltreffender te bestuur.

Die aanbring van 'n put ("wellpoint") of boorgat sal help om die gebruik van drinkwater te verminder terwyl jy steeds 'n pragtige tuin in stand kan hou.

## Hoekom moet jy 'n put/boorgat aanbring?

Ons tuine verbruik tussen 30% en 50% van alle huishoudelike water wat gebruik word. Die gebruik van alternatiewe waterhulpbronne vir besproeiing deur individuele watergebruikers, veral in woongebiede, sal die druk op ons drinkwaterbronne verlig. Deur grondwater veral in woongebiede te gebruik, kan die druk op alle ander waterinfrastruktuur verlig word.

### 'n Boorgat/put:

- spaar kosbare drinkwater
- spaar jou geld
- verlig die las op ons natuuromgewing
- voeg waarde tot jou eiendom by

## Grondwater en die Stad se verordeninge/ beperkings

Grondwater is gratis beskikbaar aan almal in Kaapstad en nie aan enige munisipale waterverordeninge/-beperkings onderworpe wanneer dit vir besproeiing gebruik word nie. 'n Huiseienaar moet egter 'n kennisgewing wat van die straat af sigbaar is, vertoon waarop aangedui word dat boorgat- of niedrinkbare water gebruik word.

Huishoudings wat put- of boorgatwater gebruik, word aangemoedig om by die watertye (geen tuinatmaak tussen 10:00 en 16:00 nie) te hou soos voorgeskryf in bylae 2 van die Stad se Waterverordening.

- 1 'n Boorgat kan binne 'n week geïnstalleer word en 'n put binne 'n paar uur.
- 2 Dit is heeltemal veilig om grondwater vir grasperke en plante te gebruik.
- 3 Die huiseienaar moet 'n kennisgewingsbord vertoon waarop gemeld word dat daar 'n boorgat of put op die eiendom is.
- 4 Jy kan jou bestaande besproeiingstelsel aan jou nuwe boorgat/put koppel.

## Verskil tussen 'n boorgat/put

Installeer 'n put waar geologiese formasies gunstig is en die watertafel relatief na aan die oppervlak is.

Putte lewer genoeg water vir die besproeiing van klein- tot mediumgrootte woonhuistuine. Dit bestaan uit 'n vlak skag van maksimum 8 - 10 m diep. Dit is meer kostedoeltreffend en vinniger om te installeer as 'n boorgat.

Boorgate word gewoonlik oorweeg vir grassportvelde, parke, gholfbane, industriële of landbouterreine of hoë-inkomstehuishoudings met groot tuine wat goed natgelei word. Boorgate kan 30 m tot 100 m of selfs dieper wees, en is dus baie duur en moet vooraf goed nagevors word.

## Uitwerking van boorgate/putte op ons huidige grondwaterbronne

Die Stad het 14 000 bestaande boorgate wat meestal vir besproeiing gebruik word, ondersoek en gevind dat die grondwater-tafelvlak nie beduidend beïnvloed word nie. Die voortdurende aanvulling van Kaapstad se grondwatertafel gedurende die reënseisoen dra hiertoe by.

## Gehalte van grondwater in die Stad Kaapstad

Sover dit soutvlakke betref, is die grootste gedeelte van die Stad Kaapstad-gebied bo die Kaapse Vlakte-waterdraer asook die Atlantis-gebied geskik vir die onttrekking van besproeiingswater uit boorgate/putte.

In sommige dele sal die opgeloste yster in die grondwater mure vlek, maar dit is nogtans heeltemal veilig vir gebruik op grasperke en plante en sal nie die gehalte van die grond raak nie.

## Koppel jou bestaande besproeiingstelsel aan jou nuwe boorgat/put

Jy kan jou boorgat/put aan jou bestaande besproeiingstelsel koppel solank daar genoeg water vir die werking van die besproeiingstelsel is. As dit nie die geval is, is daar verskeie maniere om dit reg te stel. Jou boorgat-/putkontraakteur sal hierna kyk en aanbevelings doen. Jy sal egter moet sorg dat jou stelsel 'n behoorlike filter het.

Let asseblief daarop dat bylae 2 van die Waterverordening bepaal dat die boorgat/put en die huishoudelike netwerkstelsel glad nie verbind mag word nie.

## Gebruik van grondwater om swembad vol te maak

Wanneer die boorgat/put geïnstalleer is, kan die kontraakteur die watergehalte toets om te kyk of dit geskik is vir swembadwater.

## Installering van 'n boorgat/put

Dit duur ongeveer 2 – 4 uur om 'n put te installeer en 3 – 5 dae vir 'n boorgat, afhangende ook van jou keuse van boorgat-/putkontraakteur.

